13528
HATFIELD, 0028, SA

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

kommunikasie@ngkerk.org.za

KMDR

Kerklike Maatskaplike Diensteraad

Geregistreer as organisasie sonder winsoogmerk NPO 001-694

Nuusbrief

Jaargang 8 Nommer 2 **Augustus 2013**

In hierdie uitgawe:

Waar kom dit vandaan?
Wat wil ons doen?
Hoe betrek ons die gemeente?
Wat maak ons op die Sondag van Barmhartigheid wat ons kies?

AUGUST IS MONTH OFF COMPASSION

AUGUSTUS IS MAAND VAN BARMHARTIGHEID

Waar kom dit vandaan?

Die VDDG (Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis) is die plek waar daar in Algemene Sinodale verband saam gedink word oor die kerk (ons) se diens en getuienis in die wêreld. Die "verenigde" in die diensgroep se naam, vertel die verhaal van die familie van NG Kerke wat saamwerk om te dien en te getuig. Toe ons 'n hele klomp jaar gelede vir die eerste keer bymekaar kom, bring die VGKSA die gebruik saam, om die laaste Sondag van Augustus as 'n *Sondag van Barmhartigheid* in te rig. Die ander kerke in die familie, RCA, NGK & NGKA, raak dadelik opgewonde oor die saak en almal begin dit saam vier. Onmiddelik laat weet baie gemeentes dat hulle nou al vir jare 'n ander feesdag op die laaste Sondag van Augustus het en dit moeilik vind om in te skakel. Die VDDG hoor en verstaan en dink en besluit toe sommer om dit 'n *Maand van Barmhartigheid* te maak. Dan kan elke gemeente self 'n Sondag in Augustus kies om klem te lê op ons roeping tot diens van barmhartigheid aan 'n stukkende wêreld.

Wat wil ons doen?

In Augustusmaand is ons maar net besig om op die barmhartigheid wat ons deur die loop van die jaar moet bewys, te fokus. Ons maak onsself so 'n bietjie skerp om as skerper potlode die Here se

Blaai asb na bl 2

Vervolg van bl 1

liefdesbrief in die lewens van mense te skryf.

Soos ons op Mandela-dag 67 minute van ons tyd daaraan afstaan om iemand anders te help, so wil ons in hierdie maand probeer om elke dag van die 31 dae van Augustus een mens se lewe ‘n bietjie makliker te maak. Dit kan natuurlik dieselfde mens wees, of 31 verskillende mense!

Dalk kan ons 31 Wilson toffies by die verkeerslig uitdeel, of 31 keer vir Ma tee in die bed neem, of 31 keer oupa se skoene skoonmaak. Dalk kan ons 31 keer vriendelik wees met die meisie agter die toonbank of die joggie wat ons petrol ingooi.

Wie weet, dalk kry ons dit reg om vir 31 kere nie kwaad te word vir ‘n mede padgebruiker nie, of kan ons R31 ekstra vir die kerklike maatskaplike dienste gee.

Hoe betrek ons die gemeente?

Dit is ’n geleentheid om:

- ☼ as gemeente te luister wat die Here ons wil leer oor barmhartigheid;
- ☼ as gemeente te luister na die pyn en leiding van mense wat arm is;
- ☼ in die eredienste, klein-, Bybelstudie-, jeug- en kindergroepe saam te praat, saam te bid vir hulle wat in armoede leef;
- ☼ met deernis kennis te neem van die nood in die gemeenskap en van die instansies of gemeenskpasorganisasies wat plaaslik werk;
- ☼ as gemeente en as kerkfamilie saam te praat oor die oorsake van armoede;
- ☼ as gemeente en as kerkfamilie saam te beplan om positief betrokke te raak om armoede te bestry;
- ☼ lidmate op te roep om as vrywilligers betrokke te raak by ’n gemeenteaksie of gemeenskapsinisiatief waar armoede bestry word;
- ☼ fondse in te samel vir plaaslike barmhartigheidswerk.

Wat maak ons op die Sondag van Barmhartigheid wat ons kies?

Daar is talle maniere hoe die dag ingerig kan word. Verder aan in die brosjure is daar liturgiese riglyne vir die erediens asook ’n preekstudie. Ander maniere kan wees:

- ⇨ Kry ’n beeld/oorsig van die nood in julle gemeenskap. ’n Maatskaplike werker of iemand van die plaaslike owerheid het gewoonlik al die inligting en kan genooi word om dit met die gemeente te deel.
- ⇨ Voorsien inligting oor barmhartigheidsprojekte in julle gemeenskap.
- ⇨ Nooi die plaaslike barmhartigheidsprojekte/-programme uit om ’n uitstallings oor hulle werk te hou.
- ⇨ Nooi die personeel van die program om inligting tydens die erediens met die gemeente te deel.
- ⇨ Skep ’n geleentheid vir lidmate om dit wat hulle van God ontvang met ander te deel. Hou ’n spesiale munt-/nootlegging tydens die erediens en skenk die opbrengs vir plaaslike- en die streeksinode se barmhartigheidswerk. Of wat van ‘n insameling van kos, klere, ens.
- ⇨ Daag lidmate uit om self betrokke te raak by mense in nood.
- ⇨ Mense kan gehelp word om vrywilligerwerk by barmhartigsheidsprojekte te gaan doen en/of reël dat die gemeente as ’n groep iets gaan doen.
- ⇨ Vra ’n gemeentelid wat reeds betrokke is as ’n vrywilliger om ’n getuienis te lewer.
- ⇨ Daag mense uit om betrokke te raak by die nood van die skepping/ekologie. Wat van ’n rommelopruimprojek, of ’n kompetisie om wenke in te samel vir die besparing van water en elektrisiteit.

Kyk ook op die NGK se webwerf vir ‘n preekskets en PP wat dalk goed gebruik kan word.

http://www.ngkerk.org.za/wp/index.php

Blaai asb na bl 3

AUGUST IS MONTH OFF COMPASSION

AUGUST IS MONTH OFF COMPASSION

Where does it come from?
What do we want to do?
Purpose: Sunday of Compassion
Guidelines: Sunday of Compassion

Where does it come from?

The URCSA started many years ago with a *Sunday of Compassion* on the last Sunday in August. When the UMSW (United Ministry for Service and Witness) decided to join in, some congregations of the other churches, RCA, DRC & DRCA, said they already had long standing arrangements for the last Sunday of August. So the UMSW decided to make it a *Month of Compassion* to give participating congregations a choice of any Sunday in August.

What do we want to do?

In the month of August we want to focus on what we anyway continuously need to do – to bring compassion to people! As the 67 minutes given on Mandela day, we want to touch people with compassion on all 31 days of August. Perhaps we could hand out sweets at the robot, or take mom a cup of tee for 31 days, or to be kind to 31 people we meet in August.

Purpose: Sunday of Compassion

This is an opportunity:

- for the congregation to hear what God wants to teach us about compassion;
- for the congregation to listen to the pain and suffering of the poor;
- in the worship services, small groups,

Bible study, youth and children's groups to talk and pray for those who live in poverty;

- compassionately take cognizance of the needs in the community and realize which institutions and community organizations (NGOs) are working locally;
- for congregation and the church family to come together to talk about the causes of poverty;
- for the congregation and the church family to plan to engage positively in combatting poverty;
- for members to get involved as volunteers at the congregation or a community initiative to fight poverty.
- Raise funds to local charitable work.

Guidelines: Sunday of Compassion

There are numerous ways in which the Sunday can be arranged. Other ways could be:

- Get a picture / review of the suffering in the community. Ask a social worker or someone from the local authorities for information or invite him/her to share it with the congregation.
- Provide information on social services projects in the community.
- Invite the local social services projects / programs to hold an exhibition about their work.
- Invite the staff of the programme to share information during the worship service with the congregation.
- Create an opportunity for members to share what they have received from God with others. Hold a special coin/note laying ceremony during worship and donate the income to the local and regional synod's ministry. Or what about a collection of food, clothing, etc.
- Challenge members to become personally involved with people in need.
- They can become volunteers at projects and / or arrange for the congregation as a group to be involved. Ask a member who is involved as a volunteer for a testimony.
- Challenge people to engage with the needs of the creation / ecology. What about a clean-up project, or a competition to collect tips for saving water and electricity.

Look at the DRC webpage for a sermon & PP presentation.

http://www.ngkerk.org.za/wp/index.php